Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

**Die volgende werk vir Afrikaans Huistaal graad 7 kwartale 1 en 2 word in hierdie vraestel geassesseer:**

**Hardoplees**
**Jeugverhaal:** Teruggaan na my wortels

**Luister en praat**
**Volksverhaal:** Die bedelaar en die ryk man
**Praat: Legende:** Trots en hoogmoed maak plek vir omgee
**Bespreking: Die legende:** Die bedelaar en die ryk man

**Leesbegrip**
**Advertensie:** Noorderbloem Aftreeoord

**Instruksies in 'n artikel:** Liefde in aksie: Hoe om na ons honde om te sien

**Drama:** Ouma trek terug

**Kortverhaal:** Wie sou hom nou ooit verdink?

**Gedigte:** Versoening
Ouma Baai maak heuningbier
Koichab se water
Busrit in die aand
Die meisie met die nylonhare

**Taal**
**Resensie:** Een keer om die son

**Skryf**
Verhalende opstel
Beskrywende opstel
Dialoog
Vriendskaplike brief

**Puntetoekenning**

Hardoplees, luister en praat /30
Leesbegrip /25

| | |
|---|---|
| Taal | /15 |
| Skryf | /30 |
| **Totaal:** | **/100** |

| | | |
|---|---|---|
| **Graad 7** | **Afrikaans Huistaal** | **Junie 2026** |
| **Vraestel 1** | **Afdeling A** | **Hardoplees** |

**Jeugverhaal:** Teruggaan na my wortels

1 Ek sal nooit vergeet hoe opgewonde ek en my broer daardie dag was toe my ouers ons meedeel dat ons see toe sou trek nie. Ons sou die plattelandse lewe van ’n dorpie in Namakwaland vir Hartenbos verruil. Ons kon gereeld branderplank gaan ry, deur die branders geskommel word en elke naweek van die rotse af visvang. Waarvoor kan ’n mens dan nou meer vra!

2 Ek sal my laerskoolloopbaan aan Hartenbos Primêre Skool nooit vergeet nie. Hier het ek as pienkvoet op die rugbyveld uitgedraf. In die laaste kwartaal van graad 6 is ek as hoofseun vir die volgende jaar aangewys. Om te dink ek sou volgende jaar die eer hê om daardie balkie te dra.

3 Aan die begin van my graad 7-jaar is die mat behoorlik onder my uitgeruk toe my pa aangekondig het dat ons sou teruggaan na my tuisdorp. Aangesien my oupa die boerdery nie meer alleen kon behartig nie en my pa wou hê dat die plaas in die familie moes bly, het hy besluit om my oupa op die plaas te gaan help met die boerdery. My pa sou die enigste erfgenaam wees.

4 By die plaas aangekom, moes ek uitvind dat daar geen selfoonopvangs is nie. Die telefoon was ons enigste verbinding met die samelewing. Twee langes en een korte. Die dae van Facebook en Twitter was iets van die verlede.

5 Aangesien ons see toe verhuis het toe ek maar nog in graad 1 was, het ek soos ’n vreemdeling by die skool gevoel. Voordat die skoolklok die eerste periode aankondig, het ’n seun na my aangestap gekom. “Ek is Lodewyk. Almal noem my sommer Loot. Natuurlik te lui om my naam voluit te sê,” stel hy hom met ’n breë glimlag voor. Warmte het uit sy oë gestraal.

6 Daardie naweek het Loot my na die jaarlikse dorpsfees genooi. Ons het tou getrek en sakresies gehardloop. Ons het koeksisters en braaivleis gekoop. “Wat is ’n fees sonder koeksisters en braaivleis? Ons Namakwalanders wéét nou maar eenmaal hoe om fees te vier,” het Loot gesê.

7 Nie slegs het ek teruggegaan na my geboortedorp nie, maar ook het ek teruggekom na my wortels. Hartenbos mag wel die see hê, maar Calvinia het warm mense. Mense wat hul harte oopmaak. Hier groet almal mekaar.

**Hardoplees:** Teruggaan na my wortels

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend lees en pousering: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stemtoon, stembuiging en beklemtoning: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Hoorbaarheid en uitspraak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**Vraestel 1** **Afdeling B** **Luister en praat**

**Volksverhaal:** Die bedelaar en die ryk man

1 Lank gelede het daar in ’n klein dorpie aan die voet van die Drakensberge ’n ryk man gewoon. Hy het in ’n swierige huis op die oewer van ’n breë rivier en rég onder die dam gewoon. Hoewel hy skatryk was, was hy eensaam. Hy het geen vriende gehad nie, aangesien hy gereken het dat die ander dorpenaars nie ryk genoeg was om mee bevriend te wees nie. Hy het ook op minderbevoorregtes neergesien. Hy sou nooit vir iemand in nood finansieel help of kos vir iemand wat honger is, gee nie. Indien hy mark toe sou gaan om groente te koop, het hy altyd in ’n ander rigting gekyk as hy vir Ryno, die bedelaar, gesien het. Hy het gereken dat die bedelaar ’n swakkeling was en het gevolglik op hom neergesien.

2 Een koue wintersaand het ’n hewige storm oor die dorp losgebars. Die blitse het die lug oopgekloof en ’n hewige reënbui het uitgesak. Ryno het bibberend na die ryk man se huis gegaan, in die hoop dat hy hom in sy buitekamer sou laat skuil. Huiwerig het hy aan die voordeur geklop. Die ryk man het die deur oopgemaak. Toe hy egter sien dis die bedelaar, het hy hom weggejaag en gesê dat hy nooit weer na sy huis moes kom nie. “Wat dink jy sal die ander inwoners sê as hulle jou hier by my moet sien?” het hy verwaand en neerhalend gesê. “Ek het ’n reputasie om aan te dink.”

3 Vir drie weke het dit onophoudelik en hard gereën. Die hemel se sluise was behoorlik oop. Die rivierwater het gestyg en sy oewers oorstroom. Intussen het die dam bokant die ryk man se huis al voller geword. Die watermassa het met alle mag teen die damwal gebeur. Na drie weke se onophoudelike reëns het die damwal gebreek en Jaco, die ryk man, se huis was onder water. Hy moes toekyk hoe sy duursame meubels en sy twee spogmotors deur die water meegesleur word. Hy het geen slaapplek gehad nie. Dit het hom magteloos laat voel. Hy besef nou hoe Ryno daardie aand moes voel toe hy hom soos ’n sleg hond weggejaag het. “As ek maar net die horlosie kon terugdraai, sou ek beslis vir Ryno slaapplek aangebied het. Maar nou ja, spyt kom te laat,” dink hy hardop. Amper asof hy homself verwyt.

4 Jaco het sy trots in sy sak gesteek en slaapplek op die markplein gaan soek. Dit was snerpend koud. Jaco het in ’n bondeltjie gelê omdat hy geen kombers gehad het nie.

Die volgende oomblik gooi iemand ’n verflenterde kombers oor hom. Dit was niemand anders as Ryno nie. Jaco het besef dat geld net gerieflik is. Ware rykdom lê in vrygewigheid, mededeelsaamheid en omgee vir mekaar.

5 Drie weke later het Jaco weer by sy swierige huis met splinternuwe meubels ingetrek. Maar nie die ou Jaco nie. Nee, die nuwe Jaco wat die bedelaar genooi het om permanent by hom te kom bly en elke maaltyd saam met hom te geniet. Die nuwe Jaco wat vir die bedelaar en ander minderbevoorregtes omgegee het en nie op hulle neergesien het nie.

**Volksverhaal:** Die bedelaar en die ryk man

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Noem slegs TWEE *onaanvaarbare* karaktereienskappe waaroor die ryk man aanvanklik beskik het.** | /2 |
| **2** | **Watter *nadelige* gevolg het dit vir die ryk man ingehou, aangesien hy gereken het dat niemand ryk genoeg was om met hóm bevriend te wees nie?** | /1 |
| **3** | **Waarom sou jy sê die chronologie van die verhaal word in paragraaf 2 verbreek?** | /1 |
| **4** | **Noem TWEE emosies wat Jaco in paragraaf 3 ervaar het.** | /2 |
| **5** | **Wat het daartoe gelei dat Jaco se houding teenoor die bedelaar verander het?** | /1 |
| **6** | **Waarom sou jy sê vind karakterontwikkeling by Jaco plaas?** | /2 |
| **7** | **Dui die ruimte in paragraaf 4 aan.** | /1 |
| **8** | **Hoe verskil die optrede van Jaco teenoor Ryno in paragrawe 1 & 2 met die optrede van Ryno teenoor Jaco in paragraaf 4?** | /1 |
| **9** | **Oor watter goeie karaktereienskap het Ryno beskik? Noem slegs EEN.** | /1 |
| **10** | **Watter morele les kan ons uit hierdie *legende* leer? Noem slegs EEN.** | /1 |
| **11** | **Verskaf TWEE redes waarom jy sou sê dat die bostaande luisterteks ’n voorbeeld van ’n legende is.** | /2 |
| | **Totaal: 15** | **/15** |

**Praat:** Trots en hoogmoed maak plek vir omgee

Rubriek

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, pousering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Inhoud, beskrywing, oorsaak en gevolge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Stembuiging, gesigsuitdrukking en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**<u>Bespreek</u> die bostaande *volksverhaal* en dui die onderskeie <u>kenmerke</u> waaroor 'n *volksverhaal* beskik aan.**

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vloeiend praat, pousering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Tyd, ruimte, chronologie, klimaks, slot: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Karakterontwikkeling, morele les en oogkontak: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 15** **/15**

**GROOT TOTAAL: 30÷2 =15** **/15**

**<u>Vraestel 2</u>** **<u>Afdeling A</u>** **<u>Leesbegrip</u>**

**1 Advertensie:** **NOORDERBLOEM AFTREEOORD**

***Begin 'n nuwe hoofstuk met waardering en sorg omring***

Het die tyd vir 'n nuwe hoofstuk in jou lewe aangebreek? Wel, dan is Noorderbloem Aftreeoord die aangewese plek om aan te klop. Die aftreeoord waar jy veilig, versorg en waardeer kan voel. Waarom met minder tevrede wees as die beste? Moenie wag tot dit te laat is nie. Jy is altyd welkom! Een afspraak met ons kan jou die gemoedsrus waarna jy soek en 'n vol lewe gee.

U veiligheid is vir ons uiters belangrik. Ons beskik oor 24 uur sekuriteit, toegangsbeheer en 'n kringtelevisie. Die inwoners se gesondheid is vir ons van kardinale belang. Mediese versorging en 'n dokter op bystand is 24 uur beskikbaar. 'n Fisioterapeut besoek die oord ten minste twee maal per week. Die naaste hospitaal is slegs 'n paar minute weg. Ons glo dat die lewe nie by aftrede eindig nie. Gereelde speletjiesaande vind plaas. Daar is 'n gimnasium waar gimnastiekklasse twee keer per week vir seniors aangebied word. Vir die boekwurms is daar ook 'n biblioteek. Aande vir boekbesprekings word gereël. Opvoerings en fliekaande word ook op gereelde basis gereël.

Die oord bied betroubare vervoer na tandarts- of doktersafsprake. Sou u nie u persoonlike vervoer hê nie, is daar 'n bussie wat die bejaardes twee keer per week na die naaste inkopiesentrum neem. Die aftreeoord is ideaal geleë. Dis loopafstand van 'n groot inkopiesentrum, apteek en verskeie koffiewinkels.

Die personeel is te alle tye vriendelik, geduldig, professioneel en gee vir die inwoners om. Uitstekende dienslewering is nie 'n belofte nie – dit is ons leefwyse. By ons is u nie 'n inwoner nie, u is familie. Familie wat ons waardeer en koester. Indien jy nog onafhanklik is, is daar losstaande eenhede wat gekoop of gehuur kan word. Hier is ook 'n afdeling vir verswaktes.

**Fisiese adres:** Wilgestraat 12<br>Stellenbosch

**Kontaknommer gedurende kantoorure:** 012 453 6844
**Webtuiste:** infro@noorderbloem.co.za

**1.1** **Noem by slegs EEN geleentheid in paragraaf 1 waar daar van manipulerende taalgebruik gebruik gemaak word.** (1)
**1.2** **Hoe dra die slagspreuk by tot die sukses van die advertensie?** (1)
**1.3** **Waarom sou jy sê die familie kan gerus wees oor die veiligheid van hul geliefde(s)? Noem slegs EEN rede.** (1)
**1.4** **Verskaf slegs EEN rede waarom die inwoners nog steeds 'n vol lewe kan lei en nie noodwendig afgesonderd hoef te lewe nie.** (1)
**1.5** **Watter doel mag die webtuiste in die bostaande advertensie dien?** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**2** **Artikel:** Liefde in aksie: Hoe om na ons honde om te sien

Vir diereliefhebbers is honde nie slegs diere nie. Nee, hulle is hul kinders. Elk met sy eie karakter. Kinders na wie omgesien moet word. Ware liefde vir jou hond, beteken goeie versorging.

1 Sorg dat jou hond nooit honger of dors ly nie. Gee elke dag vir jou hond kos en skoon water. Honde het ook kos en water nodig om te kan groei en genoeg energie te kan hê. Indien jou hond nie water het om te drink nie, kan hy dehidreer.

2 Sorg dat jou hond 'n warm en veilige slaapplek het. Dit laat hulle veilig en geborge voel. Sorg dat honde wat buite slaap, 'n slaapplek het wat hulle teen koue, reën en gevaar beskerm. Liefhebbers van Yorkies kan maar gerus hul Yorkie op die bed saam met hulle laat slaap. Nie slegs voel die Yorkie geliefd nie, maar ook geborge en veilig.

3 Speel gereeld met jou hond. Die vriendskapsband tussen jou en jou hond sal elke dag net groter word. Wanneer honde aandag kry, voel hulle geliefd, gelukkig en aanvaar deur die familie.

4 Stap gereeld met jou hond. Honde het oefening nodig om fiks en gesond te bly. Oefening help om hulle spiere sterk en hul harte gesond te hou. Wanneer honde genoeg oefening kry, het hulle ook meer energie.

5 Bad jou hond gereeld. As die hond nie gereeld gebad word nie, kan kieme en bakterieë op sy vel bly en dit kan velprobleme veroorsaak. Honde voel ook gemakliker as hulle skoon is. Terwyl ons ons hond bad, sal ons ook maklik luise, vlooie, bosluise of 'n veluitslag sien. Wanneer jy die vel met die regte produkte was, help dit om die pels blink en die vel gesond te hou.

6 Praat liefdevol met jou hond, terwyl jy hom bad. Dit laat hom meer ontspanne en op sy gemak voel.

7 Neem jou hond gereeld na 'n veearts vir sy jaarlikse inspuiting. Dit voorkom siektes soos katgriep, hondsdolheid, hondesiek, hepatitis of dat jou hond enige lugweginfeksie sal opdoen. Sodoende kan hulle langer deel van die gesin wees. Sou jou hond een van hierdie siektes opdoen, mag dit tot sy dood lei.

8 Hê gereeld fisiese kontak met jou hond. Fisiese aanraking, soos deur hom te streel, laat hom geliefd en aanvaar voel. Honde voel ook meer ontspanne tydens liefdevolle aanraking.

**2.1** **Wat kan die <u>gevolge</u> wees as 'n hond nie gereeld gebad sou word nie?** (2)

**2.2** **Waarom sou jy sê dit is belangrik dat 'n hond sy jaarlikse inspuiting moet kry?** (1)

**2.3** **Wat, behalwe kos en water, het 'n hond nodig om 'n gelukkige lewe te hê? Noem slegs EEN.** (1)

**2.4** **Verskaf die <u>rede</u> waarom elke instruksie met 'n <u>werkwoord</u> begin.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**3** **Drama:** <u>Ouma trek terug</u>

*Die deurklokkie lui. Rien, nog met haar voorskoot aan, gaan voordeur toe. Voor haar staan haar ma sak en pak en 'n Rottweiler aan haar sy.*

Rien: *(verbaas)* Waarom het Ma ons nie laat weet dat Ma kom kuier nie?

Ma: (*met 'n breë glimlag)* My skat, ek het nie kom kuier nie. Ek het onbepaald kom intrek. Ek kan mos in die woonstel agter in julle erf intrek.

Rien: *(met hande in die sye)* Nee, Ma. Jan bly nou al die afgelope twee jaar daar. Seuns van sy ouderdom wil op hul eie wees. Dit wys net hoe lank gelede Ma net nie vir ons kom kuier het nie. Dis mos net altyd my broers.

Ma: *(ergerlik)* Ag toe nou, Rien. Is dit nou nodig om so fyngevoelig te wees? Hier is ek mos nou. Jan kan mos in die spaarkamer slaap. Ek sien jy is nog net so lief om kos te maak. Geen wonder jy is so rond en gesond nie.

*Rien se ma nooi haarself in en gaan sit op die rusbank in die televisiekamer. Rien reël intussen met Jan om sy ouma se bagasie na die spaarkamer te neem.*

Rien: *(nuuskierig)* Hoekom wil Ma by ons kom bly? Het Ma miskien probleme met iemand by die aftreeoord of met hul bestuur opgetel?

Ma: *(met 'n frons)* Ek sal nou nie so sê nie. Dis net, ek verstaan nie waarom die bestuur nie lief vir diere is nie. Nadat ek gister vir my die Rottweiler gekoop het, het hulle my vriendelik versoek om ander blyplek te gaan kry.

Rien: Ma weet mos dat dit teen die reëls is om so 'n groot hond in die aftreeoord te hê. Hy kan net een van die inwoners byt.

Ma: My kind, ek het lankal daardie woonstelletjie in julle erf in my versier. Ek moes net aan 'n rede dink om uitgesit te word. Wel, dit het gewerk.

*Jan kom die vertrek binne.*

Jan: (*terwyl hy langs sy ouma gaan sit)* Ouma kan enige tyd saam met my intrek. Dan kan Ouma lekker saam met my en my vriende kuier.

Ma: Miskien is dit beter as ek teruggaan aftreeoord toe en die hond vir julle los. Ek sal baie meer tuis daar voel. Julle is mos lief vir groot honde? Of hoe?

**3.1 Watter toneelaanwysing dui daarop dat Rien nie haar ma verwag het nie?** (1)
**3.2 Dui die ruimte in die tweede tussensetsel aan.** (1)
**3.3 Hoe sluit die laaste spreekbeurt van die ouma aan by die titel?** (1)
**3.4 Watter emosie het Rien se ma aan die einde van die drama ervaar?** (1)
**3.5 Verskaf slegs EEN rede waarom jy sou sê hierdie teks is 'n voorbeeld van 'n drama.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

**4 Kortverhaal:** Wie sou hom nou ooit verdink het?

1 Soos in elke skoolprestasie uitgestal word, is dit die geval met Rooidak Hoërskool. Hier het die merietetrofee, wat soos 'n kroonjuweel geskitter het, in die vertoonkas in die voorportaal gepryk. Niemand sou kon dink dat hierdie spogtrofee eendag 'n donker geheim sou ontbloot nie.

2 Soos elke Maandagoggend, het die skoolhoof die verhoog opgestap. Die volgende woorde van die skoolhoof het almal geskok. "Die merietetrofee in die vertoonkas het oornag verdwyn," het hy stroef en met 'n bleek gesig gesê. Andries sal die uitdrukking op die skoolhoof se gesig seker nooit vergeet nie.

3 Andries, wat altyd nuuskierig en oplettend was en logies gedink het, het hom voorgeneem om speurder te speel. Daardie middag is hy na die voorportaal. Alles is nie pluis nie. Die vertoonkas is nog gesluit en geen venster is gebreek nie. Dan sien hy die dowwe modderspoor wat van die kas na die agterdeur lei. Byna onopsigtelik, maar beslis daar. Die vraag is wie se modderspoor is dit? Dis juis hier waar die speurwerk moet begin. By die enigste leidraad wat hy kry.

4 Skielik onthou Andries hoe hy oom Stefan, die sekuriteitswag, die vorige Vrydagaand by die ingang van die voorportaal gewaar het. Hy kan nog goed onthou dat oom Stefan hom vriendelik, maar tog senuagtig gegroet het.

5 Hoewel dit teen die reëls vir leerlinge is om deur die voorportaal te stap, het Andries die volgende oggend deur die voorportaal gestap. Hy het net een doel voor oë: Hy moet nog leidrade vind. Al kos dit 'n pakslae. Oom Stefan was op sy pos by die voordeur. Andries merk dat oom Stefan se stewels met droë modder bedek is. Dieselfde kleur as die modderspore op die teëls. Kon dit wees? Hy is dadelik skoolhoof toe. In die kantoor is sy vermoede bevestig. Die skoolhoof het dadelik die sekuriteitskameras nagegaan. By Vrydagaand se beeldmateriaal was daar vir 'n paar minute geen beeld nie. Net lank genoeg om die vertoonkas oop te maak en die trofee uit te haal. Die skoolhoof het vir oom Stefan laat ontbied. Die uitdrukking op oom

Stefan se gesig en sy stemtoon toe hy erken dat hy die skuldige is, sal Andries seker nooit vergeet nie. Hy was desperaat om geld in die hande te kry, sodat hy vir sy kind se hokkietoer kon betaal. ’n Mens kan maar net wonder of die rede vir sy optrede hom die reg gegee het om die trofee te laat verdwyn.

**4.1 Sou Andries ’n geloofwaardige speurder uitmaak? Motiveer.** (1)

**4.2 Hoe dra die *modderspore* by tot die spanning van die verhaal?** (1)

**4.3 Watter gevolge kon hierdie daad vir oom Stefan inhou? Noem slegs EEN.** (1)

**4.4 Wat is die tema van hierdie kortverhaal?** (1)

**4.5 Verskaf slegs EEN rede waarom hierdie leesstuk ’n voorbeeld van ’n kortverhaal is.** (1)

**Totaal: 5** **/5**

## 5 Gedigte

**5.1 Reken jy die pa het die *struweling* tussen hom en sy seun nog steeds herhaaldelik opgebring voor sy dood? Motiveer jou antwoord deur die metafoor in die onderstaande strofe uit “Versoening” aan te haal.**

“Ag Pa, laat ons nou vrede maak,
jy raas so in jou kis,
jy skaaf so aan ’n kwas
wat lankal reeds vergete is”

*Lucas Malan*

**5.2 Van watter stylfiguur maak ons in die onderstaande strofe uit “Ouma Baai maak heuningbier” gebruik?**

“’n koningstor kom agter sy gebrom
padlangs aangesnor, bokke blêr
hul voersak tegemoet en die môrester
raak weg in die dieptes van ’n sonneblom.”

*George Weideman*

**5.3 Watter *effek* verkry ons deur die enjambement by versreëls 4 & 5 in die onderstaande strofe uit “Koichab se water” aan te bring?**

“Seweduisend jaar se opgebergde sagtheid
tap ek uit ’n kraan en was gewoon
wit nylon en droogdrupgoed daarin.
Dan na die kombuis om kospotte rond
te skuif en by aanbrandsel water te gooi.”

*Wilma Stockenström*

**5.4 Waarom sou jy sê versreël 3 van die onderstaande strofe uit “Busrit in die aand” word teen ’n *stadige* tempo gelees, terwyl die allitererende woorde ook beklemtoon word?**

“Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,

met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand" *Elisabeth Eybers*

**5.5 Waarom reken jy maak ons van woordherhaling in versreël 3 van die onderstaande strofe uit "Die meisie met die nylonhare" gebruik?**

"Hier sit ek so lank gevange.
Trane druppel oor haar wange.
Trane druppel een vir een
langs haar toringtronk van steen." *Philip de Vos*

**Totaal: 5** **/5**

**GROOT TOTAAL: 25** **/25**

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Resensie:** Een keer om die son *Wim Nel* *Die Burger, 3 Mei 2026*

"Een keer om die son" is 'n ***aangrypende*** dramareeks wat wys hoe kosbaar tyd is en hoe vinnig die lewe kan verander. Tydens hierdie treffende dramareeks word die karakters gekonfronteer met siekte, skuldgevoelens, verlange, jaloesie, onredelikheid en tweede kanse. Die omstandighede en die hantering daarvan maak die dramareeks eg en geloofwaardig. Die dialoog, toneelspel, lyftaal en gesigsuitdrukkinge is oortuigend. Die atmosfeer wissel tussen hoopvol en hartseer.

Net soos die hedendaagse mens, ervaar die onderskeie karakters in hierdie dramareeks ook groepsdruk, werksdruk, gesondheidsprobleme, verlange en gesinsprobleme. Die tydsraamwerk van die verhaal is baie belangrik, aangesien in elke episode waargeneem kan word hoe die karakters groei en verander ten opsigte van hul lewensuitkyk en ambisie. Dis juis hier waar daar met elke episode waargeneem kan word hoe Elma, wat aan Alzheimer se siekte ly, daagliks agteruitgaan. Hierdie siekte eis sy tol by die dag. Sy is aangewese op haar man. Soos enige man sy vrou sou bystaan, staan prof. Sebastian van Wyk sy vrou by. Die emosies van hulpeloosheid en vrees word ondervind as Elma met tye net die pad vat. Die siekte laat haar magteloos voel. Hoewel Leandri, die oudste dogter, besef dat 'n nieroorplanting die enigste uitweg is, bly sy moedig. Die chronologie van die verhaal word keer op keer verbreek. Dit is juis tydens hierdie terugflitse waar ou wonde weer oopgekrap word. Dis juis tydens hierdie terugflitse van verlange na hul oorlede moeder en dr. Ruan van Wyk na sy vrou, Lani, waar die emosies van verlange en geluk ineengeweef is. Hulle het dit moeilik gevind om te aanvaar dat sy die tydelike met die ewige verwissel het. Almal was verpletter nadat sy haar eie lewe geneem het. Die rede hiervoor sal altyd 'n ope vraag bly.

Dr. Ruan is aanvanklik selfgerig en trots. Wanneer hy die skokkende nuus van sy vrou se dood ontvang, verander sy lewensuitkyk. Hy doen alles moontlik om sy familie bymekaar te hou. Dit doen dr. Ruan en sy seun, Markus, se verhouding goed toe hy sy seun se wense en ambisie eindelik respekteer. Dis juis hierdie ambisie wat vir Markus in die rehabilitasiesentrum laat beland het waar hy tot die besef kom dat hy aan depressie ly. Aanvanklik is dr. Ruan skrikkerig en voel skuldig om ’n liefdesverhouding met Erika du Randt aan te knoop. Nie slegs voel hy skuldig teenoor sy oorlede vrou nie, maar hy besef goed dat Sophia, sy jongste dogter, dit nooit sal aanvaar, goedkeur of verstaan nie. Hy besef dat daar nog baie water in die see sal moet loop, alvorens sy ’n ander vrou in sy lewe sal aanvaar. Amper asof sy elke dag in vrees leef dat dit kan gebeur. Sy het gesê dat geen vrou haar ma kan vervang nie. Sophia sal niemand anders as haar ma aanvaar nie. Ruan se jongste dogter verlang daagliks na haar oorlede ma.

**Vraestel 2** **Afdeling B** **Taal**

**Resensie:** Een keer om die son

**1** **Skryf die onderstreepte sin in reël 1 oor, maar vervang die skuinsgedrukte byvoeglike naamwoord met ’n byvoeglike bysin.**
**2** **Gee die intensiewe vorm vir die onderstreepte woord in reël 2.**
**3** **Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 5.**
**4** **Skryf die sin in paragraaf 1 neer wat daarop dui dat hierdie dramareeks realisties is en ook op die hedendaagse samelewing van toepassing is.**
**5** **Skryf die samestellende afleiding in reël 6 neer.**
**6** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 6 & 7 oor in die toekomende tyd.**
**7** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 8–10 oor in die verlede tyd.**
**8** **Skryf die saamgestelde woord in reël 12 neer.**
**9** **Skryf die onderstreepte sin in reëls 13 & 14 oor as ’n vraagsin.**
**10** **Skryf die skeibare werkwoord in reël 14 neer.**
**11** **Skryf die eienaam in reël 13 neer.**
**12** **Wat beteken die onderstreepte sin in reël 15?**
**13** **Skryf die onderwerp in reël 16 neer.**
**14** **Skryf die bywoord in reël 18 neer.**
**15** **Is die onderstreepte sin in reëls 18 & 19 ’n voorbeeld van ’n veelvoudige of ’n saamgestelde sin? Motiveer.**
**16** **Wim Nel het die bostaande *resensie* geskryf. Vorm ’n afgeleide persoonsnaam van iemand wat ’n resensie oor ’n dramareeks skryf.**
**17** **Skryf die onderstreepte sin in reël 20 oor in die ontkennende vorm.**
**18** **Gee die trappe van vergelyking vir die onderstreepte woord in reël 21.**
**19** **Gee die sinoniem vir die onderstreepte woord in reël 23.**
**20** **Wat beteken die onderstreepte metaforiese uitdrukking in reëls 24 & 25?**
**21** **Skryf die onbepaalde voornaamwoord in reël 25 neer.**
**22** **Skryf die besitlike voornaamwoord in reël 25 neer.**

**23** **Skryf die <u>byvoeglike naamwoord</u> wat in sy <u>verboë vorm</u> staan, in reël 26 neer.**
**24** **Skryf die <u>gesegde</u> in die onderstreepte sin in reël 26 neer.**
**25** **Vorm ’n <u>afgeleide werkwoord</u> van die onderstreepte woord in reël 29.**
**26** **Gee die betekenis vir die onderstreepte <u>idioom</u> in reël 37.**
**27** **Skryf die <u>leenwoord</u> in reël 38 neer.**
**28** **Skryf die onderstreepte sin in reël 39 oor in die <u>direkte rede</u>.**
**29** **Skryf die onderstreepte sin in reël 40 oor in die <u>lydende vorm</u>.**
**30** **Skryf die onderstreepte bywoord in reël 41 oor as ’n <u>bywoordelike sinsnede</u>.**

**<u>Vraestel 3</u>** **<u>Skryf</u>**

**Skryf ’n <u>verhalende opstel</u> van 150–200 woorde oor EEN van die onderstaande.**

Die geheimsinnige geluid was ... / Sy vreemde optrede / Sy geheim kom op die lappe

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Gebeure, chronologie, klimaks en gevolge: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Tydruimte, atmosfeer, emosies, beskrywing: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Of**

**Skryf ’n <u>beskrywende opstel</u> van 150–200 woorde oor EEN van die volgende.**

Op die markplein / Die klanke van die stad / Langs die kampvuur / Spieëls jok nie

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en slotparagraaf: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beskrywende woorde, beeldspraak en stylfigure: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Toepaslik, geloofwaardig en idiome: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Beplanning, paragrafering en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 20** **/20**

**EN**

**Skryf ’n <u>dialoog</u> van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.**

Gesinsvakansie word bespreek / Die gids en toeris / ’n Argument tussen twee vriende

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, taalgebruik en interessant: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

Formaat en punktuasie: 1 2 3 4 5

**Of**

**Skryf 'n <u>vriendskaplike brief</u> van 120–140 woorde oor EEN van die volgende.**

Vertel jou vriend van die leierskamp / Vertel jou ouers van 'n voorval in die koshuis

<u>Rubriek</u>

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Inleidende paragraaf, inhoud en taalgebruik: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Formaat en punktuasie: | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

**Totaal: 10** **/10**

**GROOT TOTAAL: 30** **/30**

**<u>Memorandum</u>** **<u>Junie 2026</u>**

**Volksverhaal:** <u>Die bedelaar en die ryk man</u>

1.1 Hy was hoogmoedig.
1.2 Hy het op ander neergesien.
1.3 Hy het gedink dat hy beter is as ander.
1.4 Hy het nie vir die minderbevoorregtes omgegee nie.
1.5 Hy was verwaand. **(slegs TWEE)**
2 Hy was eensaam.
3 Ryno ***het*** na die man se huis ***gegaan***, aangesien dit ***gereën het*** en bibberend koud ***was***. (in die verlede) Hy ***het gehoop*** (in die verlede) dat die ryk man hom ***sou toelaat*** (in die toekoms) om in sy buitekamer te ***slaap***. (in die toekoms) Die ryk man ***het*** vir die bedelaar ***gesê*** (in die verlede tyd) dat hy nooit weer na sy huis ***moes kom*** nie. (in die toekoms) Hy ***is*** bang (in die teenwoordige tyd) dat die ander dorpenaars ***sou praat*** (in die toekoms) as hulle die bedelaar by hom ***sou sien***. (in die toekoms) Hy ***het*** immers 'n reputasie om aan te dink. (in die hede)
4 Die emosie van hulpeloosheid / magteloosheid / moedeloosheid / selfverwyt / vrees ("vrees" is 'n ***emosie*** wat afgelei word) **(slegs TWEE)**
5 Nadat die bedelaar sy verflenterde kombers oor Jaco gegooi het, het hy besef dat die bedelaar hom jammer gekry het en vir hom omgegee het. Gevolglik het hy ook die bedelaar begin jammer kry en vir hom begin omgee.
6 Aanvanklik het Jaco nie vir minderbevoorregtes omgegee nie ✔ en het op hulle neergesien. ✔ Aan die einde van die legende het Jaco vir minderbevoorregtes omgegee en het nie meer op hulle neergesien nie.
7 Dit is op die markplein.
8 Terwyl Jaco nie vir Ryno omgegee het nie en nie vir hom 'n warm slaapplek aangebied het nie, het Ryno vir Jaco omgegee en sy kombers gegee sodat hy warm kon slaap.
9.1 Hy was mededeelsaam.

9.2 Hy was vrygewig.
9.3 Hy het vir ander omgegee. **(slegs EEN)**
10 Ons moenie hoogmoedig wees nie. / Ons moenie op ander neersien nie. / Ons moenie dink ons is beter as ander nie. / Ons moet vir mekaar omgee. / Ons moet nederig wees. / Ons moet mededeelsaam en vrygewig wees. **(slegs EEN)**
11.1 Ons leer 'n morele les uit die ***foute*** van een van die karakters.
11.2 Karakters beskik oor ***goeie*** en/of ***slegte*** karaktereienskappe.
11.3 Karakterontwikkeling vind plaas.
11.4 Tyd en ruimte word aangedui.
11.5 Die ***chronologiese opeenvolging van gebeure*** lei tot die klimaks.
11.6 Die morele les volg ***na*** die klimaks bereik is.
11.7 Die morele les word in die slot aangetref.
11.8 Die morele les kan ook in die ***inhoud*** afgelei word. **(slegs TWEE)**

**1 Advertensie:** Noorderbloem Aftreeoord

1.1.1 Die aftreeoord waar jy veilig, versorg en waardeer kan voel.
1.1.2 Waarom met minder tevrede wees as die beste?
1.1.3 Moenie wag tot dit te laat is nie.
1.1.4 Jy is altyd welkom!
1.1.5 Een afspraak met ons kan jou die gemoedsrus waarna jy soek en 'n vol lewe gee. **(slegs EEN)**
1.2 Die bejaardes sal voel dat hul waardeer en goed versorg sal word.
1.3.1 Daar is 24 uur sekuriteit.
1.3.2 Daar is toegangsbeheer. Gevolglik sal ongewenste persone nie kan inkom nie.
1.3.3 Daar is kringtelevisie. **(slegs EEN)**
1.4.1 Gereelde speletjiesaande vind plaas.
1.4.2 Daar is 'n gimnasium waar gimnastiekklasse twee keer per week aangebied word.
1.4.3 Daar is 'n biblioteek.
1.4.3 Boekbesprekings word gereël.
1.4.4 Opvoerings en fliekaande word op gereelde basis gereël. **(slegs EEN)**
1.5 Foto's van die aftreeoord kan potensiële inwoners aanmoedig om dit hul nuwe tuiste te maak. / Foto's van die sekuriteitsbeamptes en kringtelevisie mag die potensiële inwoner laat besef dat hy/sy altyd veilig sal wees. / Foto's van mediese versorging en die mediese personeel mag gemoedsrus verskaf vir die potensiële inwoner. / Foto's waar iemand fisioterapie kry, mag die belangstelling prikkel. / Foto's van ontspanning en deelname aan gimnastiek mag die potensiële inwoner laat besef dat hy/sy nog voluit kan leef. / Foto's van die biblioteek en boekbesprekings mag die belangstelling prikkel. / Foto's van die oord se bussie laat potensiële inwoners besef dat hulle nog steeds inkopies kan gaan doen en koffiewinkels kan besoek. / Foto's van die oord se bussie bring gemoedsrus, aangesien hul nog steeds hul dokter en tandarts kan ***besoek***. / Foto's van die ligging van die oord mag die potensiële inwoner aanmoedig om daarheen te gaan, aangesien hy/sy sommer na die inkopiesentrum kan stap. / Foto's van die vriendelike personeel wat omgee, laat hul geliefd voel en besef dat hulle waardeer sal word. **(slegs EEN)**

**2 Instruksieteks:** Liefde in aksie: Hoe om na ons honde om te sien

2.1 Hy mag bosluiskoors opdoen ✔ of 'n veluitslag mag vererger ✔ as dit nie tydens sy bad raakgesien word nie.

2.2 Om toe te sien dat hy nie een van die genoemde siektes sal opdoen wat tot sy dood mag lei nie.

2.3.1 Aandag

2.3.2 Liefde

2.3.3 Vertroeteling

2.3.4 Omgee

2.3.5 Tyd **(slegs EEN)**

2.4 Om aan te toon wat gedoen moet word. / Om die instruksie wat uitgevoer moet word, aan te dui.

**3 Drama:** Ouma trek terug

3.1 Rien: *(verbaas)* Waarom het Ma ons nie laat weet dat Ma kom kuier nie?

3.2 Jan kom die televisiekamer binne waar sy ma en ouma sit.

3.3 Ouma trek terug aftreeoord toe.

3.4 Die emosie van teleurstelling / verwerping.

3.5.1 Ons tref dialoog by karakters aan.

3.5.2 Karakters tree handelend op.

3.5.3 Karakters beskik oor karaktereienskappe.

3.5.4 Emosies, handeling, lyftaal en gesigsuitdrukkinge word by die ***toneelaanwysings*** aangedui.

3.5.5 Die ruimte en handeling van die onderskeie karakters word by die ***tussensetsels*** aangetref.

3.5.6 Die ruimte waar die drama hom afspeel word gegee.

3.5.7 Die kleredrag en handeling van karakters word in die ***inleiding*** bespreek. Ons tref 'n klimaks aan. **(slegs EEN)**

**4 Kortverhaal:** Wie sou hom nou ooit verdink het?

4.1 Ja. Hy was nuuskierig en oplettend, het logies gedink en leidrade gesoek.

4.2 Dit dien as 'n leidraad wat tot die oplossing van die raaisel kan lei.

4.3.1 Hy kan 'n mondelinge waarskuwing ontvang.

4.3.2 Hy mag sy werk verloor.

4.3.3 Die skoolhoof sal hom nooit weer vertrou nie.

4.3.4 Die personeel sal hom nooit weer vertrou nie.

4.3.5 Hy het die vertroue van die leerlinge geskend.

4.3.6 Hy sal nie weer maklik by 'n ander plek as sekuriteitsbeampte aansoek kan doen nie. **(slegs EEN)**

4.4 Vertroue en verraad / Vertroue geskend / Die waarheid kom altyd uit / Is die goeie motief die verkeerde daad werd? **(slegs EEN)**

4.5.1 Ons tref 'n inleiding, gebeure wat tot die klimaks lei, die klimaks, die slot en 'n afleiding aan.

4.5.2 Dit is verhalend van aard.

4.5.3 Die chronologiese opeenvolging van gebeure lei tot die klimaks.
4.5.4 Die chronologie van die verhaal word tydens terugflitse verbreek.
4.5.5 Oorsaak en gevolge word aangetref.
4.5.6 Die emosies van ***karakters*** kan in hul optrede, hul dialoog en die beskrywing van die ***karakter*** en sy ***voorkoms*** uitgebeeld word.
4.5.7 Die gebeure vorm 'n hegte eenheid.
4.5.8 Ons tref 'n tema aan.
4.5.9 Die stemming is spannend.
4.5.10 Karakters met karaktereienskappe word aangetref.
4.5.11 Die optrede van die karakters beskryf die karaktereienskappe van die ***karakter***.
4.5.12 Ons tref die hoofkarakter(s) en newe karakters hier aan.
4.5.13 Dialoog vind by een van die ***karakters*** plaas.
4.5.14 Tyd en ruimte word aangedui.
4.5.15 Die motief vir ***gebeure*** word gegee. **(slegs EEN)**

## 5 Gedigte

5.1 Nee. "Jy skaaf so aan 'n kwas"
5.2 Ons maak van klanknabootsing gebruik.
5.3 Die ***effek*** van beweging.
5.4 Om te ***beklemtoon*** hoe stadig en moeilik hy teen die opdraand uitry.
5.5 Om daarop te dui dat die traandruppels aanhoudend oor haar wange drup.

**Resensie:** Een keer om die son

1 "Een keer om die son" is 'n dramareeks wat aangrypend is.
2 Vinnig – blitsvinnig
3 Hantering – hanteer
4 Die omstandighede en die hantering daarvan maak die dramareeks eg en geloofwaardig.
5 Die dialoog, toneelspel, lyftaal en gesigsuitdrukkinge is oortuigend.
6 Die dialoog, toneelspel, lyftaal en gesigsuitdrukkinge sal oortuigend wees.
7 Net soos die hedendaagse mens, het die onderskeie karakters in hierdie dramareeks ook groepsdruk, werksdruk, gesondheidsprobleme, verlange en gesinsprobleme ervaar.
8 Hulle groei ten opsigte van hul lewensuitkyk.
9 Is dit juis hier waar daar met elke episode waargeneem kan word hoe Elma, wat aan Alzheimer se siekte ly, agteruitgaan?
10 Agteruitgaan
11 Dis juis hier waar daar met elke episode waargeneem kan word hoe Elma agteruitgaan.
12 Sy is afhanklik van haar man. / Sy maak staat op haar man se hulp.
13 Prof. Sebastian van Wyk staan sy vrou by.
14 Die siekte laat haar magteloos voel.
15 Dit is 'n saamgestelde sin.
Motivering

Indien twee enkelvoudige sinne saamgevoeg sou word tot een sin en hierdie langer sin deur ’n onderskikkende voegwoord ingelei sou word, is die sin nét ná die onderskikkende voegwoord die bysin. Die ***tweede*** enkelvoudige sin staan as die hoofsin bekend en het ’n selfstandige betekenis.

Gevolgtrekking: ’n Hoofsin en ’n bysin is ’n saamgestelde sin.

16 ’n Resensent skryf ’n resensie.

17 Die chronologie van die verhaal word nooit verbreek nie.

18

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| Oud | ouer | oudste |

19 Vrou – eggenote

20 Hulle het dit moeilik gevind om te aanvaar dat sy dood / oorlede is.

21 Almal was verpletter omdat sy haar eie lewe geneem het.

22 Almal was verpletter nadat sy haar eie lewe geneem het.

23 Die rede hiervoor sal altyd ’n ope vraag bly.

24 Die rede hiervoor sal altyd ’n ope vraag bly.

25

| Werkwoord | Afgeleide werkwoord |
|---|---|
| Hou | behou / onthou / weerhou |

26 Hy besef dat daar nog baie sal moet gebeur, alvorens sy ’n ander vrou in sy lewe sal aanvaar.

27 Amper asof sy elke dag in vrees leef.

28 Sy het gesê: “Geen vrou kan my ma vervang nie.”

29 Niemand anders sal deur Sophia as haar ma aanvaar word nie.

30 Ruan se jongste dogter verlang elke dag na haar oorlede ma.

**Naslaanbronne** **Junie 2026**

**Jeugverhaal:** Teruggaan na my wortels
*Eugene van der Westhuizen*

**Volksverhaal:** Die bedelaar en die ryk man
*Eugene van der Westhuizen*

**Advertensie:** Noorderbloem Aftreeoord
*Eugene van der Westhuizen*

**Artikel:** Liefde in aksie: Hoe om na ons honde om te sien
*Eugene van der Westhuizen*

**Drama:** Ouma trek terug
*Eugene van der Westhuizen*

**Kortverhaal:** Wie sou hom nou ooit verdink het?
*Eugene van der Westhuizen*

**Resensie:** Een keer om die son
*Eugene van der Westhuizen*

**Gedigte**

Versoening *Lucas Malan*
*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

Ouma Baai maak heuningbier *George Weideman*
*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

Koichab se water *Wilma Stockenström*
*Vers en Vlam* *Human & Rousseau, 2015*
*J. Ferreira, E. du Toit, H. Geldenhuys, M. le Cordeur, A. van der Spuy*

Busrit in die aand *Elisabeth Eybers*
*Verskuns* *Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015*
Saamgestel deur Riens Vosloo

Die meisie met die nylonhare *Philip de Vos*
*Kroonsteen-reeks, Verse vir lekker lees* *Best Books, 2009*
*F. Viljoen, R. Lamprecht, H. Viljoen*